Gesondheid • Landelike Ontwikkeling • Werksgeleenthede • Veiligheid en Sekuriteit • Onderwys

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS) English/Afrikaans Januarie 2022

Matlapu se toewyding aan leerders word beloon

Bladsy 4

Breek skeids-mure tot toegang tot die staatdiens af

Bladsy 6

ASIDI bespoedig skoolinfrastruktuur

DIE NUWE Nkululeko Ralo Primêre Skool se leerders put voordeel uit 'n goed toegeruste leeromgewing met moderne geriewe en die allernuutste tegnologie.

More Matshediso

Nkululeko Ralo Primêre Skool is ń goeie voorbeeld van die positiewe uitkomste wat bereik kan word wanneer die gemeenskap en regering saamwerk.

Die skool, wat in Mthatha in die Oos-Kaap geleë is, is aanvanklik vanuit ń motorhuis van ń gemeenskapslid, Nkululeko Ralo, bedryf – na wie dit ook vernoem is.

Soos die skool oor die jare heen gegroei het, het dit ń paar keer van adres verwissel.

Leerders en onderwysers het egter nooit toegang tot voldoende fasiliteite geniet nie ... tot onlangs, toe hul nuwe, moderne skool sy deure geopen het.

Die skool is voltooi as deel van die versnelde skole-infrastruktuurleweringsinisiatief (ASIDI) wat deur die departement van basiese onderwys in 2011 bekendgestel is.

Die inisiatief streef daarna om skole op te knap of vervang waar die veiligheid van leerders en personeel in gevaar gestel word weens ń gebrek aan behoorlike infrastruktuur, water, sanitasie en elektrisiteit.

Tot dusver het ASIDI 266 skole gebou en sanitasie voorsien aan 886 skole, water aan 1 030 skole en elektrisiteit aan 372 skole.

Die leerders van Nkululeko Ralo Primêre Skool het nou voldoende klaskamers en toegang tot ń hulpbronsentrum, wetenskaplaboratorium, en ook ń veeldoelige sentrum en ń voedingsentrum.

Die Mbuqe-gemeenskap in Mthatha in die Oos-Kaap het nou 'n spogskool

'n Gedeelde visie

Die skoolhoof, Koleka Gilman, is passievol oor die verbetering van opvoeding in Mthatha.

Haar droom om ń skool vir die gemeenskap op die been te bring het in 1988 ontstaan en die daaropvolgende jaar het sy begin om haar visie met die gemeenskap te deel.

"Ons gemeenskap was propvol kinders van skoolgaande ouderdom wat nêrens gehad om te gaan vir skoolopleiding nie. My visie is verwelkom deur ń gemeenskapslid, Nkululeko Ralo, wat sy motorhuis vir ons aangebied het om as skool te gebruik," sê Gilman.

Sy voeg by dat Ralo ń vraghouer van Telkom gereël het om as ekstra klaskamer te dien. Ralo het ook met twee lede van die gemeenskap gereël

Vervolg op bl. 2

2030 NDP

Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:

ANDROID APP ON Google play

Available on the App Store

Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

Webwerf: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0103

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

GRATIS – NIE TE KOOP NIE

Vervolg van bl. 1

om hul motorhuise as ekstra klaskamers aan te bied. Ralo is ongelukkig oorlede in 2004.

In 1994 het die skool na die Eli Spilkin Hall getrek wat deur die plaaslike sakeman, Eli Spilkin, gebou is.

"Ons het in dieselfde jaar mobiele toilette vanaf die provinsiale departement van onderwys ontvang.

"Ek het toe rondgesoek en aansoek gedoen vir ń perseel waar ons uiteindelik ń skool sou kon bou. In 1998 het ons vyf hektaar grond ontvang," sê Gilman.

Kats en Spaks, ń niewinsgewende organisasie, het drie tydelike klaskamers aan die skool geskenk en die gemeenskap het vyf klaskamers van klei gebou.

Gilman was deur die jare ń groot kampvegter vir die opknapping en verbetering van die skool en uiteindelik het hulle vyf klaskamers vanaf die kantoor van die Oos-Kaapse premier ontvang.

In 2014 het dinge ń positiewe wending geneem toe die departement van basiese onderwys deur middel van ASIDI ń tender uitgereik het om die Nkululeko Ralo Primêre Skool te bou.

"Bouwerk het in 2018 begin en die skool is in 2021 voltooi, danksy ASIDI," sê Gilman.

Onderrig en leer wat inspireer

Die adjunkminister van basiese onderwys, Reginah Mhaule, sê die departement wil seker maak dat die fisiese infrastruktuur van elke skool leerders inspireer om skool by te woon en te leer, en opvoeders inspireer om te onderrig.

"Die bou van hierdie skool is die regering se manier om die waardigheid van landelike en minderbevoorregte skoolgaande kinders en hul onderwysers terug te besorg," het sy bygevoeg.

ń Lid van die skool se beheerliggaam, Nomuntu Dlengane, sê die nuwe skool sal onderwysers en leerders motiveer om hul volle potensiaal te bereik.

"Ons leerders se gesindheid en selfvertroue het reeds verbeter danksy die nuwe infrastruktuur.

"Dit sal ons ook help om sosiale afstand in ons klaskamers te handhaaf sodat ons die verspreiding van die koronavirussiekte kan voorkom," sê Dlengane.

Die skool het 489 leerders, 14 onderwysers en twee administratiewe klerke. Dit maak voorsiening vir graad R tot 7 en is ń geenfooi skool.

ASIDI in getalle

- Daar is 39 ASIDI-skole voltooi tussen 2020 en 2021.
- Daar is R1.395 miljard bestee om skole te bou tydens die 2020/2021 finansiële jaar.
- Daar is altesaam R8.195 miljard bestee aan die konstruksie van 266 skole.

Sperdatum vir NSFAS-befondsing kruip nader

STUDENTE wat wil aansoek doen vir NSFAS-befondsing het nog kans tot 7 Januarie 2022 voordat aansoeke sluit.

Sphelele Ngubane

Studente en jongmense vanuit voorheen benadeelde en werkersklasgemeenskappe word aangemoedig om aansoek te doen vir befondsing vanaf die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS).

Volgens die departement van hoër onderwys en opleiding is NSFAS-befondsing beskikbaar aan jongmense wat reeds hul skoolopleiding voltooi het of reeds naskools studeer.

Hulle kan aansoek doen vir befondsing deur NSFAS om aan ń openbare universiteit of kollege vir tegniese en beroepsgerigte onderwys en opleiding (TVET) te studeer, maar moet aansoek doen voor die sluitingsdatum op 7 Januarie 2022.

Mense wat aansoek doen, moet:

- Suid-Afrikaanse burgers wees of permanente verblyfreg hê, en wil registreer om aan ń openbare universiteit of TVET-kollege te studeer, of reeds studeer.
- Begunstigdes wees van maatskaplike (SASSA) toelae.
- Uit huishoudings kom met ń gekombineerde inkomste van nie meer as R350 000 per jaar nie.

Blinker toekoms

Nhlakanipho Mkhize (26) is ń gekwalifiseerde elektrisiën danksy NSFAS-befondsing wat vir sy studies aan Umfolozi TVET-kollege in KwaZulu-Natal betaal het.

Mkhize, van Richardsbaai, het ń nasionale sertifikaat (beroepsgerig) in elektriese infrastruktuurkonstruksie in 2017 verkry.

Buiten vir kampusgebaseerde onderrig moes hy ook opleiding in die werksplek voltooi en ń ambagstoets slaag.

Mkhize het reeds vroeg tydens sy studies die geleentheid gehad om dít wat hy geleer het, in die praktyk toe te pas, wat hom vertroue gegee het in die basiese vaardighede wat hy besig was om te ontwikkel.

"As eerstejaarstudent het ek reeds na die elektrisiteitsprobleme in my gemeenskap omgesien. Umfolozi TVET-kollege het die teorie sowel as die praktiese toepassing vir ons aangebied.

"Die voordeel van TVET-studente is nie net die blootstelling nie, maar ook die verpligte werkplekgebaseerde leerkomponent wat sertifiseer dat studente bevoeg is voordat hulle hul kwalifikasie ontvang," sê hy.

Soos baie Suid-Afrikaanse jongmense wat uit ń minderbevoorregte agtergrond kom, het Mkhize geweet hy wil ń loopbaan in ingenieurswese volg, maar niemand in sy familie kon die kollege-gelde bekostig nie.

"Toe ek van die NSFAS-befondsing te hore kom, het ek geweet dat dit sou lei na waar ek wil wees – om ń ingenieur te word," sê hy.

Mkhize se drie jaar van NSFAS-befondsing het vir sy boeke, klasgeld en vervoer betaal, en hy het ń toelae vir persoonlike behoeftes ontvang.

Hoe doen 'n mens aansoek?

Studente kan aanlyn aansoek doen deur die volgende stappe te volg:

- **Stap 1:** Gaan na *www.nsfas.org.za* en klik op die *myNSFAS*-blokkie.
- **Stap 2:** Skep 'n *myNSFAS*-rekening.
- **Stap 3:** Klik op die *Apply*-knoppie en voltooi die afdelings op die skerm.
- **Stap 4:** Laai die vereiste steundokumente op waar van toepassing.
- **Stap 5:** Klik *Submit*.
- **Stap 6:** As jy nie 'n digitale toestel of toegang tot die internet het nie, besoek jou naaste Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap of Thusong-sentrum om aansoek te doen.

Vir meer inligting, besoek *NSFAS* of volg *NSFAS* op sosiale media by **Facebook:** *National Student Financial Aid Scheme*, **Twitter:** *@myNSFAS* en **Instagram:** *@myNSFAS*

government communications
Department:
Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353
Email: *vukuzenzele@gcis.gov.za*
Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Acting Head of Editorial and Production
Tyrone Seale | *tyrone@gcis.gov.za*

Acting Editor-in-Chief
Zanele Mngadi | zanelemngadi*@gcis.gov.za*

Managing Editor
Irene Naidoo | *irene@gcis.gov.za*

Writers
More Matshediso
Silusapho Nyanda

Graphic Designers
Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants
Jauhara Khan | Sebastion Palmer

Language Practitioners
Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse
Thandolunye Magudulela | Sizwe Ziqubu

Vuk'uzenzele is published by Government Communications (GCIS)

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Printed by: Rising Sun Printers
Distributed by: On The Dot

Geen verskoning vir GGG

As ń nasie se karakter gemeet word aan die manier waarop dit vroue en kinders hanteer, dan faal ons klaaglik.

Die jongste misdaadstatistiek wat deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) vrygestel is, toon ń toename in verkragting, huishoudelike geweld en – waarskynlik die kommerwekkendste – kindermoord.

Tussen Julie en September 2021 is 9 556 mense verkrag, die meerderheid daarvan vroue. Dit is 7% meer as in die vorige verslagperiode.

Van die byna 73 000 gevalle van aanranding wat in hierdie tydperk aangemeld is, is meer as 13 000 verwant aan huishoudelike geweld. Die aantal kindermoorde het met byna een derde toegeneem teenoor die vorige verslagperiode.

Ons het voorheen gesê dat die geweld wat mans teen vroue pleeg die tweede pandemie is wat ons land moet konfronteer, en nes die KOVID-19-pandemie kan dit oorwin word as ons almal saamwerk.

As regering het ons ń plig en ń verantwoordelikheid om die nodige hulpbronne te voorsien om misdaad weens geslagsgebaseerde geweld hok te slaan.

Sedert die bekendstelling van die nasionale strategiese plan om geslagsgeweld en vrouemoord te bekamp (NSP) in 2020, was daar verskeie ingrypings om op GGG te reageer. Dit behels verreikende wetgewende hervorming, ondersteuning aan oorlewendes deur die beskikbaarstelling van verkragtingtoetsstelle (*rape kits*) asook sielkundige en maatskaplike dienste by polisiestasies, die stigting van ń GGGV-fonds en die ondersteuningsnetwerk van Thuthuzela- en Khuseleka sorgsentrums.

Die SAPD het aangedui dat ons vordering maak in die aansienlike agterstand van DNS-analise, wat noodsaaklik is vir geregtigheid om te geskied vir die oorlewendes van seksmisdade. Die SAPD beman ook 134 GGG-toonbanke by polisiestasies regoor die land en is in die proses om nog in te rig.

Geslagsgebaseerde geweld is ń probleem van manlike geweld. Dit is hoofsaaklik mans wat verkragters is. Dit is oorwegend mans wat huishoudelike geweld pleeg.

Aangesien dit hoofsaaklik mans is wat die oortreders is, behoort dit mans te wees wat die leiding neem teen geslagsgebaseerde geweld en hul stemme dik maak, dit aanmeld, bewusmaking daaroor skep, portuuropvoeding doen en voorkomende aksies neem.

Dit behoort mans in gesagsposisies in ons onderriginstansies te wees – hetsy skoolhoofde, opvoeders of dosente – wat skole en plekke van hoër onderrig omskep in veilige ruimtes vir vroulike leerders en studente, en wat nooit, ooit hul gesagsposisies gebruik om seksuele gunste af te dwing nie.

Mans behoort ook ń baie meer formatiewe en teenwoordige rol in hul gesinne te speel, veral om hul seuns groot te maak om ń gesonde, positiewe manlikheid uit te leef wat respek teenoor vroue en kinders betoon.

Gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies moet saam met die regering werk om ingrypings te implementeer wat manlikheid herdefinieer, sodat ons mans kan grootmaak om empatie, verdraagsaamheid en respek te hê.

Net soos wat die beëindiging van geslagsgebaseerde geweld nie alleen die Staat se verantwoordelikheid kan wees nie, kan die onus ook nie net op vroue en kinders rus om die skokkende vlakke van geweld en mishandeling teen hulle te beëindig nie.

Suid-Afrikaanse mans moet ń groter rol speel in die voorkoming van GGG. Hulle moet verstaan wat geslagsgebaseerde geweld behels, veral seksuele geweld.

Die jongste misdaadstatistiek toon dat byna 4 000 mense in hul eie of in die oortreder se huis verkrag is, en in 400 aangemelde verkragtingsake was die oortreder en die slagoffer in ń verhouding. Dit impliseer dat sommige mans nie verstaan dat seksuele aktiwiteit sonder uitdruklike toestemming ń misdaad is nie.

Mans moet hul vrouens en meisies respekteer en begryp dat om in ń intieme verhouding te wees, nooit huishoudelike geweld regverdig nie.

As elke man twee ander mans kry en aldrie onderneem om nooit ń vrou te verkrag en nooit ń hand teen ń vrou te lig nie, en mekaar verantwoordbaar hou aan hierdie verbintenis, kan ons begin om geslagsgebaseerde geweld in ons land in alle erns aan te pak.

Dit is nie genoeg om eers in te gryp wanneer oortreders deur die strafregstelsel opgetel word nie. Ons moet geslagsgebaseerde geweld stop voor dit begin.

Ek doen ń beroep op alles Suid-Afrikaanse mans, jonk en oud, stedelinge en dié op die platteland, moderne sowel as tradisionele mans, getroud en ongetroud, om deel te wees van die voorkomingsaksies wat broodnodig is in ons huise en gemeenskappe.

Deur te weier om geweld teen vroue en kinders oogluikend toe te laat, deur nie self deel daarvan te wees nie en deur sulke dade te rapporteer, stel jy ń voorbeeld aan ander mans, veral jong mans en seuns.

Jy sal ń duidelike boodskap uitstuur dat familieverwantskap, vriendskap of lojaliteit geen verskoning is om nie op te staan vir die regte van vroue en kinders nie.